BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Bybelse Gebede [Deel 2] – 'n Gebed van Toewyding

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe benader jy God gewoonlik in jou gebedstyd; formeel, informeel (geselsend) of anders? Brei uit.**

---

---

---

**Watter persoon in die Bybel se gebedslewe inspireer jou die meeste en hoekom?**

---

---

---

**Op watter manier kan gebed *jou* verander—en nie net jou omstandighede nie?**

---

---

---

**Hoe dink jy kan ons kleingroep mekaar beter ondersteun met gebed?**

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**‘n Postuur van Nederigheid**

- **Hoe dink jy beinvloed jou fisiese postuur jou hart se postuur (Ps 95:6)?**

---

---

- **Hoe lyk *nederig in gebed* in jou daaglikse lewe (Jak 4:10; 1 Pet 5:6)?**

---

---

**Erken God se Karakter**

- **Hoe word jou perspektief verskuif wanneer jy angs of nood ervaar, deur te fokus op God se grootheid en Karakter (Jes 40:28-30)?**

---

---

- **Hoe kultiveer ons ‘n leefstyl van aanbidding (nie net oomblikke daarvan nie) sodat ons gebede toenemende lofprysing kan hê (Rom 12:1)?**

---

---

**Gebede volgens God se beloftes**

- **Watter belofte van God is jou na aan jou hart of eis jy meer as ander beloftes wanneer jy bid (Heb 10:23)?**

---

- **Hoe kan ons mekaar verantwoordbaar hou dat ons begeertes belyn is met God se hart (Kol 3:16)?**

---

---

**Erken sonde, vra vergifnis, bid vir mekaar**

- **Hoekom is belydenis essentieel voor ons iets van God kan vra (Ps 66:18)?**

---

- **Intree vir ander het ‘n kragtige uitwerking, in ander se lewens asook die persoon wat intree s’n—hoekom dink jy is dit só (Job 42:10)?**

---

**Hoe vergelyk Salomo se gebed in 2 Kronieke 6 met Jesus se gebed in Joh 17—watter ooreenkomste sien jy?**

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---

---

---

---

---

---